

SAWA Oos-Kaap



Liewe Sawanante

Hierby aangeheg sommer 'n mondvul reelings en inligting vir die volgende paar opwindende kampe!!! Let asseblief weer op die datums van elke afsonderlike kamp **EN** die belangrikheid van bevestiging van lede wat kampe gaan bywoon.

Van Stadens 3 – 5 November 2017:

Ons wil net 'n paar reelings aangaande die kerskamp vir julle deurgee:

- Tariewe is soos volg: R 140.00 vir eerste 2, daarna R 50.00 en onder 10 jaar betaal nie.
- Die ouers moet asseblief vir hul kinders 'n toegedraaide geskenkie met hul name op bring. Dit kan deur die loop van Saterdagoggend in die SAWA tent gesit word. Ek vra asseblief dat daar slegs 1 geskenk per kind sal wees. Die kinders voel gou afgehaal as een maatjie meer geskenke as 'n ander kry.



- Daar gaan Saterdagmiddag vir die kinders 'n kersfiek vertoon word. Hulle moet asseblief 'n kombers en kussing bring om op te sit. Toegangsfooie vir die fiek is 'n blikkie/sakkie honde of katkos. Dit gaan aan die SPCA geskenk word. Grootmense is natuurlik meer as welkom om saam te kom fiek kyk.
- Ek vra asseblief dat almal iets rooi of wit sal aantek vir Sondag se kerkdiens. Dit maar net vir die kersfees gevoel.

- Elkeen moet asseblief 'n bordjie eetgoed saambring vir Sondag na kerk. Bring asseblief ook bekere saam. Koffie en tee sal voorsien word.

Ek sien uit daarna om sommer baie van julle by die kerskamp te sien. Onthou asseblief om die kinders wat gaan bywoon se name deur te gee voor 30 Oktober sodat ons die getalle kan finaliseer. Dit is maar net om seker te maak dat alle maatjies wat teenwoordig is lekkergoed pakkies gaan kry.

Groete
Isckhe Lambrechts

Mangolds Pool: 1 - 3 Desember 2017

Kostes beloop @ R 150.00 vir 6 mense. Liana en haar span beplan heerlike rus naweek met 'n same braai die saterdagmiddag. Meer besonderhede sal nader aan die tyd deurgegee word.



© www.ClipProjectz.nl

Summerwood: 12 – 14 Januarie 2018

Soos gebruikelik, kan ons weer vanaf die maandag 8 Januarie begin kamp. Isckhe en haar span beplan 'n heerlike potjiekos kompetisie. So kry julle solank reg vir 'n heerlike kompetisie



Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra, slegs as ons minder lede is as

wat bespreek is en die oord dit so vereis.

Noodhulp tydens saamtrekke:



Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.

Wapad en Webwerf:

Stuur asb. u nuus/foto's vir Clarise Kruger vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos: clarise.kruger@ms-it.co.za

Baie van ons kinders ontvang die tyd van die jaar groot pryse en erkenning op baie gebiede, stuur asseblief sodat ons almal jul trots kan deel!

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Clarise of jou bestuurslid laat weet.

Ledegeld:

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nationaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooie van R120 is betaalbaar.

Ledegeld word vanaf 1 Desember 2017 verhoog met R10.

Lede jonger as 60 jaar: Kontant of EFT R350 en Debietorder R340
Seniorburgers: Kontant of EFT R340 en Debietorder R330

Debietorders is R10 minder by elke groep.

Bedryfsfonds:

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se rekening of by die kampeiers.

SAWA Kentekens:

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL

SAWA Oos Kaap Bestuur.



